

Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, Die Gesalfde Een, die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 7: Vayetze – En Hy Het Gegaan.

Ya'akov het uit Be'er-Sheva vertrek in die rigting van Haran. Gen. 28:10 – PWL¹

Torah : Gen. 28:10 tot 32:3.

Haftorah: Hosea 12:13 tot 14:10.

Nuwe Verbond: Matt. 3:13 tot 4:11; Joh. 1:43 tot 51; 1 Kor. 10:6 tot 11.

Skriftestudie: Die Verbond en die Torah: Die Twee Verbonde: Deel 2 (volgende week).

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige vier jaar se notas vir Parashah 7 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

The more we study the Word of יהוה and the examples of the lives of those showcased therein, the more we can learn about our own lives. So study the recorded events about the lives of יהוה's servants of old to learn wisdom for your daily life and spiritual walk – Nathan Lawrence; Vayetze.

To acquire knowledge, one must study; but to acquire wisdom, one must observe! – Anonymous.

It is now possible to live a "Christian life" without doing the things that Yeshua commanded us to do. "We have hired people to go into all the world, to visit those in prison, to feed the hungry, to clothe the naked, to care for widows and orphans. The average Christian doesn't have to do it – Cal Thomas

Perhaps it takes a purer faith to praise God for unrealized blessings than for those we once enjoyed or those we enjoy now – A. W. Tozer.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

We pray for the big things and forget to give thanks for the ordinary, small (and yet really not small) gifts – Dietrich Bonhoeffer.

Torah Bespreking

Hersiening

Verlede week se Torahskriflesing was die begin van die geskiedenis van die nageslag van Abraham en dus van die voortsetting van יהוה se Raadsplan van die herstel van die verhouding tussen Hom en die mens soos dit aan die begin van die Skepping was.

Ons geestelike erflating begin dus by Abraham. Daarom is dit meer korrek om te praat van ons ‘Abraham-wortels’ as van ons Hebreuse wortels! Abraham was ‘n Hebreër omdat hy ‘n afstammeling van Eber was. Hy was deur יהוה geroep om uit Ur van die Chaldeërs, naamlik uit antieke Babilon en die wortel van alle afgodery, te trek na die Beloofde Land Kanaän. So het יהוה ons ook elkeen geroep om weg te trek uit die “Babilon” van hierdie wêreld en van sinkretisme!

Ons het geleer hoe Jakob se eie keuse, onder die invloed van sy ma Rebekka, van hom ‘n vlugteling gemaak het. Maar ons het ook geleer hoe Esau sy eersgeboorte reg afgestaan het deur ‘n verkeerde keuse en wat die gevolg daarvan was!

‘Esav het Ya’akov gehaat as gevolg van die seën waarmee sy vader hom geseën het en ‘Esav het in sy binneste gedink: “Die dae van rou oor my vader is naby, dan sal ek my broer Ya’akov doodmaak.” Gen. 27:42.

In verlede week se Torahstudie het ons ook geleer dat Isak se eerste beproewing en toets van sy vertroue in יהוה die feit was dat Rebekka nie swanger geword het nie! Isak se smeekgebede was daarom nie terwille van homself of terwille van Rebekka nie, maar dit is terwille van die belofte wat aan Abraham gemaak is, naamlik: *en in jou sal al die families van die aarde geseën word.* Isak se smeekgebede is dus nie om selfsugtige redes nie, maar is namens sy vrou en die toekomstige nageslagte! Isak en Rebekka het deur geduld die belofte vir ‘n nageslag in besit geneem.

Hierdie week se Torahskriflesing begin dan waar Jakob van sy ouerhuis wegvlug uit vrees vir sy broer Esau.

Ya’akov het uit Be’er-Sheva vertrek in die rigting van Haran. Gen. 28:10.

Jakob se vertroue in יהוה en sy gehoorsaamheid gaan beproef word.

Keuses en Gevolge

Jakob se keuse om in die plek van Esau die seën van die eersgeborene te ontvang, het van hom ‘n vlugteling gemaak. Hy het Ooswaarts gevlug na Babilon waar sy oupa Abraham vanaf gekom het.

Ons almal beland hoofsaaklik om twee redes in situasies wat ons eerder graag sou wou vermy het, naamlik:

- ❖ Weens eie keuses wat ons maak, of
- ❖ Vader-God beplan, of laat toe, dat situasies in ons lewens ontstaan.

Die gevolg van eie keuses is gewoonlik dat dit wat jy saai, sal jy maai. Daar is vergifnis vir verkeerde keuses, maar die gevolge van die keuse is dikwels langtermyn. Wanneer יהוה jou egter in 'n situasie plaas, of toelaat dat 'n situasie ontstaan, is dit gewoonlik om jou te beproef en sodat jy met jouself gekonfronteer word. Beide eie keuses en situasies deur יהוה beplan of toegelaat, is geleentheid vir selfondersoek en versoening met Vader-God en met medemens. Wanneer anders doen ons regtig ernstige en eerlike selfondersoek as in tye van swaarkry, hartseer en beproewing? Dit is eers dan wat 'n mens bereid is om na jou lewe deur die lens van Vader-God se Woord (Torah) te kyk!

Hierdie week leer ons hoe Jakob in 'n situasie beland wat deur יהוה self beplan was. Jakob het nie net vir sy lewe gevrees nie, maar was sekerlik ook verward en onseker, want aan hom was die belofte van יהוה aan Abraham van die Beloofde Land, asook die nageslag wat dit sal beërwe, via Isak oorgedra. En tog, hy is die een wat uit Kanaän, die Beloofde Land, moet vlug terwyl sy broer Esau agterbly!

Jakob is deur God self gekies om 'n sleutelrol te speel in יהוה se totale verlossingsplan van herstel deur Yeshua die Messias. En tog moes Jakob vir 20 jaar 'n veeherder wees voor hy genoeg bymekaar gemaak het om 'n huishouding te kon bekostig. Jakob moes eers in konfrontasie met homself wees alvorens hy 'n geskikte werktuig in יהוה se hande kon wees. Hy moes homself eers voor יהוה verneder, sodat God hom kan verhoog (Jak. 4:6 tot 9). In vele opsigte kan ons met Jakob identifiseer. Daar is ook veel om te leer uit die lewe van Jakob!

Ons word ook herinner aan die woorde van Paulus in 1 Kor. 10:6 tot 12!

6 Hierdie dinge is 'n voorbeeld vir ons dat ons nie begerig moet wees na boosheid soos hulle begeer het nie

7 en ook nie dienaars van afgode moet wees soos sommige van hulle was nie; soos geskrywe is: “Die mense het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan om te speel.”

8 Laat ons ook nie seksueel immoreel wees soos sommige van hulle seksueel immoreel was en daar op een dag drie en twintig duisend geval het nie.

9 Laat ons ook nie Die Gesalfde Een toets soos sommige van hulle getoets het en slange hulle vernietig het nie.

10 Ons moet ook nie kla soos sommige van hulle gekla het en deur die vernietiger vernietig is nie.

11 Al hierdie dinge het gebeur as voorbeeld vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing aan ons, want die einde van die wêreld het by ons aangekom.

12 Van nou af, elkeen wat dink dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie.

Met verwysing na verlede week se Haftorah moet ons seker maak dat ons nie soos Esau en Israel so selfversekerd raak dat ons onverskillig word oor ons geestelike erfenis nie! Ons moet luister na Paulus se waarskuwing: “Elkeen wat dink dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie”. Ons moet יהוה se onpartydige opregtheid soek en seker maak dat ons nie ons eie onpartydige opregtheid oprig nie! Die gevaar van eie geregtigheid word deur Yeshua in Matt. 7:21-29 aangespreek.

En wanneer ons wel verkeerde besluite geneem het, moet ons met ware berou om vergifnis vra en seker maak dat ons terugkeer om volgens Vader-God se onderrig en instruksies te lewe!

Many mourn for their sins that do not truly repent of them, weep bitterly for them, and yet continue in love and league with them. – Matthew Henry.

Bepeins of Bespreek

1. Ons moet die verskil verstaan tussen ware (Goddelike) berou en wêreldse berou! Ware berou is om opreg jammer te wees oor die oorsaak van ons sonde en om nie weer te sondig nie. Ware berou bring dus 'n verandering in lewenswyse sodat toekomstige optrede (keuses) volgens Torah is. Wêreldse berou is om jammer te wees oor die gevolge van die sonde sonder om die oorsaak van die sonde aan te spreek en sonder 'n verandering in lewenswyse wat ooreenstem met Torah. Het Jakob en Esau ware berou of wêreldse berou gehad?

Nou sal ek יהוה loof!

Met die geboorte van Lea se laaste seun, wat sy Juda (*Y'hudah* – *lofprijsing*) genoem het, het sy gesê: *Nou sal ek YHVH loof en dank met uitgestrekte hande.*

Sy is weer bevrug en het geboorte gegee aan 'n seun en gesê: “Nou sal ek יהוה loof en dank met uitgestrekte hande.” Sy het hom daarom *Y'hudah* genoem. Sy het opgehou om kinders te hê. Gen. 29:35

Dit is gebruik by Torah-gehoorsame Jode om die dag te begin met die woorde *Modeh Ani...* wat beteken *Ek is dankbaar vir...*! Indien ons beseft dat dit wat ons het – ongeag hoe baie of hoe min dit is – alles uit die hand van die Vader is, dan sal ons ook יהוה loof en dank met uitgestrekte hande. Dan sal ons dit wat ons uit Sy hand ontvang tot Sy eer gebruik!

Die geskenk verbind die gewer aan die ontvanger, en dankbaarheid verbind die ontvanger aan die gewer. Dit is 'n twee-rigting-verhouding!! Ons voortdurende dankbaarheid vir alles wat ons het, verstewig ons verhouding met ons Vader! Dit is bevestiging dat Hy die gewer van alle gawes is

Alle geskenke wat goed en volmaak is, kom van bo af, vanaf die Vader van Lig. By Hom is daar geen verandering of skaduwee van wysiging nie. Jak. 1:17.

Ons moet te alle tye 'n *attitude of gratitude* handhaaf!!

Gee dank in alles, want dit is die wil van God, in eenheid met Yeshua, Die Gesalfde Een, in julle. 1 Thess. 5:19.

Yeshua is uit die stam van Juda (יהודה – *Y'hudah*) en hierdie naam bevat al die letters (*yod, he, vav, he*) van die Naam van God (יהוה – *Yahuah*) plus 'n *dalet* in die middel. Die piktoogram van *dalet* is die van 'n 'hangende' tentdeur. Dit is 'n sinnebeeld dat die 'deur' tot YHVH deur Juda gekom het. Yeshua is uit die stam van Juda en Hy is die Weg na die Waarheid wat Lewe gee (Jak. 14:6).

Die geboë vorm van die *dalet* simboliseer ook die van 'n behoefte persoon wat gebuk gaan. Die Hebreus vir 'n *verarmde* ('n behoefte) is *dalut*. Toe Yeshua gesê het: *Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele* (Matt. 5:3) het Hy verwys na diegene met 'n nederige gees, want hulle is kosbaar voor יהוה (1 Pet. 3:4). Elkeen wat homself verneder as 'n geestelike behoefte sal deur יהוה verhoog word (Matt 23:12).

Om יהוה te loof en te dank met uitgestrekte arms is om in nederigheid erkenning te gee dat ons in alles van Hom afhanklik is en dat elke goeie gawe Sy onverdiende guns is.

יהוה het ons Sy seun gegee wat die 'kommunikasiekanaal' (die leer) tussen die hemel (יהוה) en die aarde (die mens) is. Yeshua het dit bevestig toe Hy aan Natanael gesê het:

“Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê dat julle van nou af sal sien hoe die hemel oopgemaak word en die engele van God wat opgaan en afgaan op die Seun van die mens.” Joh. 1:52.

Daarom moet ons, soos Lea, die Vader altyd loof en dank met uitgestrekte hande!! Hy het vir ons Sy Seun gegee; die Manna uit die lewe wat ons met danksegging en lofprysing daaglik ontvang.

Gee dank aan יהוה, want Hy is goed, want Sy liefdevolle goedheid is tot in ewigheid. 1Kron. 16:34

Bepeins of Bespreek

1. Het jy ‘n *attitude of gratitude*? Onthou: *We make a living by what we get; we make a life by what we give* (Sir Winston Churchill). Daar is altyd iemand wat minder as jy het! Daarom het elkeen van ons altyd rede tot dankbaarheid!

Haftorah Bespreking

Hosea 12:13 tot 14:10 – Efraim het יהוה verlaat, maar יהוה nie vir Efraim nie

Hosea se naam beteken Verlossing (Redding). Hy was ‘n profeet van die Noordelike Koninkryk, naamlik van die huis van Efraim wat hulle gewaarsku het dat hulle weens rebellie en afgodery deur יהוה gestraf gaan word. Die Noordelike Koninkryk se rebellie en afgodery word vergelyk met die van ‘n ontroue eggenote wat hoereer. Soos Hosea sy ontroue vrou, Gomer, vrykoop het van haar slawerny van owerspel, so sal יהוה vir Efraim vrykoop van haar geestelike slawerny en owerspel.

Hoewel Hosea se waarskuwing een van strafgerigte teen die huis van Efraim is, bevat dit ook die bemoediging dat יהוה hulle nie totaal sal vernietig nie (Hosea 14:5-9).

Efraim se sonde was veral sinkretisme (vermenging met afgodery) en rebellie teen יהוה weens hul mag en rykdom wat hulle gehad het (Hos. 13:1-6). Hulle het die God van Abraham, Isak en Jakob vergeet en die noodsaaklikheid van Torah-gehoorsaamheid geminag!

יהוה is egter die getroue Verbondsgod en daarom is die belofte:

4 Ek sal hulle afvalligheid genees, Ek sal hulle vrylik liefhê, want My woede het van hulle af weggedraai.

5 Ek sal vir Yisra’el wees soos die dou; hy sal bloei soos die lelie en hy sal wortelskiet soos die L’vanon.

6 Sy lote sal uitgroeï en sy prag sal wees soos die olyfboom en sy geur soos die L’vanon.

7 Die wat in Sy skaduwee leef, sal weer koring groei en hulle sal bloei soos die wingerdstok. Sy bekendheid sal wees soos die wyn van L’vanon.

8 O Efrayim, wat het Ek nog met afgode te doen? Dit is Ek wat antwoord en na jou kyk. Ek is soos ’n weelderige Sipres; van My af kom jou vrug.

9 Wie ook al wys is, laat hom hierdie dinge verstaan; wie ook al onderskeiding het, laat hom dit ken! Want die lewenswyse van יהוה is reg en die onpartydige en opregte sal daarin loop, maar die oortreders sal daarin struikel! Hos. 14:4-9.

Maar Efraim moet ook soos Jakob eers hulself in nederigheid voor יהוה verootmoedig en om vergifnis vra vir hul afgodery en rebellie teen God en Sy Torah. Efraim moet opnuut begrip kry vir die feit dat יהוה vreugde vind in lojaliteit teenoor Hom en in kennis van Hom!

want Ek verheug My in lojaliteit eerder as in offers en in die kennis van God eerder as in brandoffers. Hos. 6:6.

Een Bruid; Een Israel

Yeshua sal vir ewig heers oor die huis van Jakob wat uit die 12 stamme (seuns van Jakob) bestaan. Volgens die geskiedenis weet ons dat hierdie 12 stamme in twee huise verdeel het, naamlik die huis van Juda en die huis van Efraim (ook bekend as Israel of Josef).

Soos die geskiedenis ontwikkel het, het die huis van Juda vasgehou aan יהוה se Torah, maar was hulle, en is hulle steeds, verblind vir Yeshua, terwyl die huis van Efraim, en die vreemdelinge wat by hulle aangesluit het, vir Yeshua as Messias herken en aanvaar het, maar Torah verwerp het.

Maar deur die folterdood en opstanding van Yeshua het יהוה 'n nuwe verbond met die huis van Israel (Efraim) en die huis van Juda gesluit. In Yeshua het die twee huise volgens profesie (Esegiël 37) dus weer een geword.

28 Daar is nie Jood of Arameër nie, daar is nie slaaf of vryman nie, daar is nie man of vrou nie, maar julle is almal een in eenheid met Die Gesalfde Een, Yeshua. Gal. 3:28

10 want ons is Sy skepsele, wat geskape is in Die Gesalfde Een, Yeshua, vir die goeie daade wat God van die begin af vir ons voorberei het om in te leef.

11 As gevolg hiervan, onthou dat julle vroeër nie-Jode in die vlees was en 'onbesnedenis' genoem is, anders as hulle wat 'die besnedenis' genoem word en 'n werk is wat aan die vlees met hande gedoen word

12 en dat julle in daardie tyd sonder Die Gesalfde Een was, vreemdelinge aan die nasionale lewe van Yisra'el en vreemdelinge aan die verbond van die belofte, sonder aktiewe verwagting en sonder God in die wêreld.

13 Nou, in Die Gesalfde Een, Yeshua, het julle wat vroeër op 'n afstand was, naby gekom deur die bloed van Die Gesalfde Een,

14 want Hy is ons Vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding vernietig het. Gal. 2:10-14.

Yeshua heers reeds in Sy Hemelse Koninkryk oor die huis van Jakob – oor die hele Israel! Hierdie Koninkryk sal in die einde van dae, by die voltooiing van יהוה se Raadsplan, hier op aarde gevestig word. Dan sal die profesie van eenwording wat Reeds in Yeshua begin het, voltooi word.

Ons leef egter in die dispensasie waar elkeen van die huis van Juda en elkeen van die Huis van Efraim, asook die vreemdeling (die wilde olyftak) wat by Israel aangesluit het, almal wat glo in die versoeningswerk van Yeshua, Die Gesalfde Een reeds deel is van die huis van Jakob – deel is van die burgerskap van Israel (Efes. 2:11-22).

יהוה, ons Vader-God, het dus slegs een huishouding – een bruid – wat bekend is as die huis van Jakob (Israel). Hiervolgens is dit baie duidelik dat as ons wil hê dat Yeshua vir ewig oor ons moet regeer, moet ons deel wees van die Huis van Jakob – die bruid van Yeshua. Ja, selfs diegene (nie-Jode; die onbesnedenes) wat ingeplant is op die olyfboom is deel van יהוה se volk – deel van die huis van Jakob en dus van die hele Israel.

Yeshua, Die Gesalfde Een, is aangestel oor die huishouding van יהוה en beide Juda en Efraim moet hulle aan Yeshua en יהוה se Torah, soos dit in Yeshua vervul is en soos dit in die Skrifte van die nuwe verbond uiteengesit word, onderwerp.

1 My afgesonderde broers, wat deel in die hemelse roeping, dink daarom versigtig aan Yeshua, Die Gesalfde Een, wat ons openlik erken as God se Afgevaardigde en nie-Levitiese Hoofpriester.

2 Hy is vertrouenswaardig teenoor God wat Hom aangestel het, net soos Moshe in God se hele huishouding getrou was,

3 want hierdie Een se lof en eer is baie meer as die van Moshe, soveel as wat hy wat die huis gebou het, baie meer eer het as die huis,

4 want elke huis word deur iemand gebou, maar Hy wat voortdurend alles bou, is God.

5 Moshe was as 'n dienskneg toevertrou met die hele huis, tot getuienis van wat nog deur Hom gesê sou word,

6 maar Die Gesalfde Een as Seun oor Sy huis. Ons is Sy huis as ons met vrymoedigheid en trots Sy goeie Boodskap tot die einde toe vashou.

Die boodskapper (engel) Gabriël het aan Maria gesê dat Yeshua Koning van die hele Israel gaan wees, want יהוה sal aan Hom die troon van Sy vader Dawid gee.

30 Die boodskapper sê vir haar: “Moenie bang wees nie, Miryam, want jy het onverdiende guns by God gevind,

31 want let op, jy sal swanger word en geboorte gee aan 'n Seun en die Naam wat jy Hom moet gee is Yeshua.

32 Hy sal magtig wees en die Seun van Ha'Elyon (die Allerhoogste) genoem word en יהוה-God sal aan Hom die troon van Sy vader Dawid gee

33 en Hy sal heers oor die huis van Ya'akov tot in ewigheid en aan Sy Koninkryk sal daar geen einde wees nie.” Luk. 1:30 tot 33.

Yeshua se Koninkryk is Sy bruid en Sy gemeente. Hy het net een bruid – een liggaam met baie lede.

Bepeins of Bespreek

1. Sommige is van mening dat die profesie van Esegïel soos opgeteken is in hoofstuk 37 nie in vervulling gegaan het nie. Daarom is daar organisasies / groepe in die Messiaanse Beweging wat hulle beywer vir eenwording met die huis van Juda en wat selfs bereid is om Yeshua “voorlopig” uit die proses van eenwording weg te laat. Is dit nie om Yeshua te verloën nie? Kan daar ware eenwording sonder Yeshua wees?
2. Die Skrifte leer dat die vrou (bruid) 'n hulp vir die man (bruidegom) sal wees, iemand wat spesiaal by hom pas, iemand wat hom sal eer vir wie hy is en iemand wat sy huishouding sal inrig soos hy dit graag wil hê. Ons weet ook dat Yeshua namens Israel die water van bitter smart van die ontroue bruid gedrink het (Num. 5:11 tot 31) en sodoende ons skuld daarvoor betaal het. Die vraag is: Is ons nou die getroue bruid wat 'n hulp vir die Bruidegom is en Hom erken as die hoof (Efes. 5:22-24)? Kan die Bruidegom ons vertrou dat ons Sy huishouding sal inrig volgens Sy Torah (Spr. 31:10-31)?

-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!

Johan.

Epos: kontak@nuweliel.info

Webwerf: <http://www.nuweliel.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.